MAANDAG 27 JULIE

SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 11:29-40
FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 11:39, 40

Almal gaan sáám op die rostrum klim

Dit is 'n uitsonderlike geloofswedloop! Die voorste atlete is lankal reeds by die wenpaal, maar nog nie een het sy medalje ontvang nie.

Dit rym nie met die voorafgaande gedeelte waar ons lees dat daardie ou gelowiges níé verkry het wat beloof is nie. Hulle is juis aan ons bekend gestel om ons aan te moedig: Hou aan, God is getrou aan sy beloftes! In die geloof kan jy die beloning reeds sien! Skielik as jy om die draai kom, staan daar: Die gelowiges wat só geprys is, het nié hulle beloning ontvang nie, Wag daar 'n ontnugtering? Nee, die voleinding!

In sy regverdigheid en wysheid het God bepaal dat almal sáám op die rostrum sal klim. Hierdie verse rig ons oë op die hemelse. Tog stap ons voete op die aarde. Die loon wat God beloof, is veel heerliker as die beste wat jy op hierdie aarde kan kry. Hy gaan egter aan alle gelowiges, dié uit die ou verbond én dié uit die nuwe verbond, presies dieselfde beloning gee.

Waar en hoe? Lees hier: “Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms ...” (Heb. 12:22). Sien dít in die geloof! Dit is waarheen ons op weg is.

Hierdie wedloop is uniek. Almal wat volhardend deelgeneem het, sal saam hulle medaljes ontvang. Volhard dan ook met jou wedloop. Die beloning is seker, omdat Hy getrou is.

Sing: Psalm 73:1, 10
Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)